Tydperk van kennisgewing	(c) Die H.S. moet drie maande kennis aan die B.R. gee van sy voorgename bedanking en hy sal dieselfde kennisgewing ontvang ingeval van ontslag om enige ander redes as dié wat bepaal is in paragraaf (b).
Tydlike plaasvervanger	(d) Die B.R. is gemagtig om in geval van afwesigheid, siekte, skorsing of oorlye van die H.S., 'n tydelike plaasvervanger aan te stel. Indien die H.S. vir 'n tydperk van ses maande nie in staat is om sy pligte waar te neem nie, mag sy pos vakant verklaar word.
Reg op appêl	(e) Indien die H.S. op enige wyse behalwe deur 'n stemming van lede of skorsing van sy amp onthef is, het hy die reg om hom te beroep op 'n stemming van lede, en indien lede wat minstens vyf persent van die totale stemkrag van die Unie verteenwoordig, die B.R. versoek om die H.S. in sy amp te herstel, ingeval hy ontslaan is op 'n ander wyse as deur 'n stemming van die lede, sal sodanige versoek by wyse van 'n stemming aan lede voorgelê word. In enige stemming oor die skorsing, ontslag, of heraanstelling van die H.S., sal 'n meerderheid van stemme die uitslag bepaal, mits minstens twee-derdes van die totale stemkrag van die Unie gestem het.
A.H.S. Ontslag-prosedure	(3) Die bepalings van sub-artikel (2) is <i>mutatis mutandis</i> van toepassing op die A.H.S.
B.R. lede — ontslagprosedure	(4) (a) Geen liggaam behalwe die B.R. is gemagtig om die Hoofpresident van sy amp te onthef nie, met dien verstande dat, by ontvangs van 'n versoekskrif onderteken deur lede wat minstens vyf persent van die totale stemkrag van die Unie verteenwoordig en waarin 'n stemming geëis word oor die vraag of die lid van sy pos onthef moet word, moet die H.S. binne twee maande na ontvangs van so 'n versoekskrif, die aangeleentheid verwys na 'n stemming van die algehele Unielidmaatskap. (b) Geen liggaam behalwe die B.R. is gemagtig om 'n Hoof-onderpresident van sy amp te onthef nie, met dien verstande dat by ontvangs van 'n versoekskrif onderteken deur lede verteenwoordigend van minstens vyf persent van die totale stemkrag van lede in die Takke van die Streek deur die betrokke Hoof-onderpresident verteenwoordig, en waarin 'n stemming geëis word oor die vraag of die lid van sy pos onthef moet word, moet die H.S. binne twee maande na ontvangs van so 'n versoekskrif die aangeleentheid verwys na 'n stemming van die algehele lidmaatskap van die Takke in die betrokke streek.

(c) Geen liggaam behalwe die B.R. is gemagtig om 'n B.R. lid van sy amp te onthef nie, met dien verstande dat by ontvangs van 'n versoekskrif onderteken deur lede verteenwoordigend van vyf persent van die totale stemkrag van die betrokke Tak waarin om 'n stemming geëis word oor die vraag of die lid van sy amp onthef moet word, moet die H.S. binne twee maande na ontvangs van so 'n versoekskrif die aangeleentheid verwys na 'n stemming van die alhele lidmaatskap van die betrokke Tak.

(d) Die B.R. is gemagtig om 'n lid van die B.R. onder enige van die volgende omstandighede summier te skors:—

- (i) pligsversuim;
- (ii) opsetlike pleeg van enige daad wat die Unie ernstig mag skaad;
- (iii) weiering of versuim om opdragte uitdruklik in die Grondwet of Takbywette neergeleë of deur die B.R. uitgereik uit te voer.

In gevalle van sodanige skorsing is die B.R. gemagtig om te beslis of enige vergoeding of honorarium gedurende die skorsingstydperk betaal sal word.

(5) (a) Die B.R. mag streeksekretaris-organiseerders aanstel na beraadslaging met elke takkomitee binne die betrokke streek, en die bepallings van subartikel (2) *mutatis mutandis* van toepassing op sulke amptenare, behalwe dat stemreg oor hul skorsing of onthefling van amp of heraanstelling beperk is tot lede geregistreer in die betrokke streek en 'n versoek om skorsing of heraanstelling onderteken moet wees deur lede wat minstens vyf persent van alle lede van sodanige streek verteenwoordig.

Streeksekretaris-
organiseerders —
Aanstelling en
ontslag

(b) Die B.R. sal gemagtig wees om 'n Tegniese Organiseerder en 'n Nywerheidsorganiseerder op Hooftkantoorpersoneel aan te stel onder beheer van die H.S. en die bepallings van subartikel (2) van artikel 1, subartikel (4) van artikel 2 en paragrawe (e) en (f) van subartikel (5) van artikel 4 van hierdie klousule sowel as enige ander toepaslike bepaling van hierdie grondwet sal *mutatis mutandis* op sodanige amptenare van toepassing wees. Die besoldiging aan elke sodanige amptenaar betaalbaar en die uitgawes waarop elkeen geregtig sal wees sal van tyd tot tyd deur die B.R. bepaal word.

Tegniese Organiseer-
der en Nywerheids-
organiseerder —
Aanstelling en ontslag

(c) Die Tegniese Organiseerder sal die U.R., die B.R. en alle Takke ten volle inlig oor alle nuwe tegnologiese en meganiese ontwikkelings wat in die drukbedryf mag plaasvind, plaaslik en oorsee, by wyse van breedvoerige verslae en aanbevelings aan die H.S. Ten einde hom in staat te stel om dit doelmatig te doen, sal die U.R. gemagtig wees om hom die reg te gee om sodanige sentrums binne en buite die Republiek te besoek en om sodanige literatuur aan te koop as wat van tyd tot tyd nodig geag mag word. Die Tegniese Organiseerder sal ook optree as adviseur aan die H.S. insake tegniese en vakleerlingaangeleenthede en sal op sodanige komitees dien as wat te eniger tyd besluit mag word. Die B.R. mag, na goeë dunske, 'n geskikte persoon aanwys om die Tegniese Organiseerder in 'n raadgewende hoedanigheid te vergesel op oorsese reise indien dit nodig geag word.

Tegniese Organi-
seerder — Pligte

(d) Die Nywerheidsorganiseerder sal so gereeld moontlik elke drukkerij in die Republiek besoek en sal nuwe lede werf, poog om klagtes van lede tot die beste van sy vermoë op te los, Kapel- en Takvergaderings toespreek en in die algemeen poog om 'n groter en meer lojale belagstelling in Uniesake onder lede aan te wakker. Hy sal ook enige verbrekings van enige Loonooreenkoms wat op daardie tyd van toepassing is, en wat hy gedurende sy werksaamhede opmerk, aan die betrokke S.S.O. rapporteer. Die Nywerheidsorganiseerder sal die U.R., die B.R. en alle Takke ten volle ingelig hou betreffende sy aktiwiteite by wyse van uitvoerige en gereelde verslae en aanbevelings aan die H.S.

Nywerheidsorgani-
seerder — Pligte

(e) Niks in hierdie subartikel vervat sal dien om die B.R. of U.R. te verhoed om ander pligte aan die betrokke amptenare toe te wys nie.

Voorbehoud

Assistente van H.S.
Aanstelling en
pligte

- (f) Die Beheerraad mag een of meer assistente van die H.S. aanstel. Die assistente van die H.S. sal, onder beheer van die H.S., hom behulpsaam wees in die uitvoer van sy pligte. Die besoldiging, uitgawes en ander werkvoorwaardes van sodanige amptenare sal wees soos van tyd tot tyd deur die Beheerraad bepaal.

2. KWALIFIKASIES VIR AMPTE

B.R. Kwalifikasies

- (1) Kandidate vir die B.R. moet voldoen aan die volgende vereistes:

- (a) Hulle moet burgers van die Republiek van Suid-Afrika wees.
- (b) Hulle moet gewone lede wees en moet minstens vyf agtereenvolgende jare gewone lidmaatskap van die Unie voltooi het onmiddellik voor hul benoeming, met dien verstande dat die B.R. van hierdie voorwaarde onder uitsonderlike omstandighede mag afsien.
- (c) In die geval van Takverteenwoordiging moet hulle as lede geregistreer wees in die betrokke Tak wat hulle wil verteenwoordig en moet vir minstens een jaar op die takkomitee gedien het.
- (d) Hulle moet ten tye van hul kandidatuur in staat wees om beide ampstale sonder moeite te verstaan en tweetalig wees.
- (e) Die B.R. is gemagtig om die vereistes van subartikels (a), (b), (c) en (d) vir buitengewone gevalle ter syde te stel.

Lede nie
verkiesbaar nie

- (2) Lede van die U.R. sal nie verkiesbaar wees om 'n tak- of kapelamp te beklee nie.
- (3) Geen lid is verkiesbaar vir enige amp in die Unie as hy nie volwaardig is nie of as hy geskors is vir enige oortreding van die reglemente van die Unie, of terwyl hy 'n proeftydperk deurmaak of terwyl hy die posisie van voorman soos in klousule II van hierdie Grondwet omskryf of 'n hoër bestuurspos beklee. In geval van twyfel oor 'n kandidaat se verkiesbaarheid om 'n amp te beklee moet die Hoofsekretaris ondersoek instel en verslag doen aan die Uitvoerende Raad.

Amptenare — twee-
taligheidsvereiste

- (4) Die H.S. moet albei amptelike tale magtig wees tot bevrediging van die B.R. (Hierdie selfde bepaling is van toepassing op die Assistent-Hoofsekretaris sowel as op die Streeksekretaris-organiseerders).

3. WYSE VAN VERKIESING

Aard van
Benoeiming

- (1) Benoemings vir die poste van Hoofpresident, H.S. en A.H.S., wat Graad I lede moet wees, moet onderteken word deur ses gewone volwaardige lede, wat tot dieselfde graad behoort as die kandidaat, en deur die kandidaat as bewys van aanvaarding daarvan, en moet voor die sluitingsdatum vir sodanige benoemings aan Hoofkantoor gestuur word in 'n verseelde kovert, wat die pos waarvoor die benoeming gemaak is, aandui. Sodanige benoemings sal alleenlik na die sluitingsdatum geopen word in teenwoordigheid van die U.R., of sodanige ander amptenare wat deur die U.R. vir daardie doel aangestel mag word. In die geval van alle ander poste wat by wyse van stemming gevul moet word, moet die benoemers en kandidate ook lede wees van 'n tak of takke wat jurisdiksie het in die betrokke streek.

Een kandidaat

- (2) Indien net een kandidaat vir elke of enige pos benoem is, sal hy as verkose verklaar word.

Stemmings —
hoe gehou

- (3) Indien twee of meer kandidate vir een pos benoem is, sal 'n stemming deur die Unie of deur al die lede van die betrokke Streek of Gebied soos die geval mag wees, die saak beslis. Stemming geskied as gevolg:

Twee kandidate
vir een pos

- (a) As twee kandidate vir een pos benoem is, plaas lede die syfer 1 teenoor die naam van die kandidaat vir wie hulle wil stem. Die kandidaat wat die hoogste aantal stemme kry, sal as verkose verklaar word.

Meer as twee
kandidate vir een pos

- (b) As daar meer as twee kandidate vir een pos benoem is, moet lede die kandidate in volgorde van voorkeur nommer deur die syfer 1 voor die eerste keuse te plaas, ens. Indien 'n kandidaat 'n meerderheid eerste-voorkeurstemme oor alle ander

kandidate behaal, sal hy as verkose verklaar word. Indien geen kandidaat 'n besliste meerderheid kry nie, word die kandidaat met die kleinste aantal eerste-voorkeurstemme uitgeskakel, en sy tweedevoorkeurstemme toegeken aan die kandidaat of kandidate op wie dit uitgebring is. Hierdie metode van uitskakeling word voortgesit totdat een kandidaat 'n besliste meerderheid het van alle stemme wat uitgebring is.

- (c) Wanneer meer as een pos van soortgelyke aard gevul moet word, is die metode van stemming dieselfde as in paragraaf (b). Die totale aantal uitgebragte eerste-voorkeurstemme word gedeel deur die aantal poste wat gevul moet word waarby een getel is. Die gevolglike syfers waarby weer een getel is, is die kwota vir verkiesing van 'n lid. Enige kandidaat wat by die eerste telling die kwota behaal, word as verkose verklaar. Enige surplus bo die kwota word verdeel volgens die tweede-voorkeurstemme, die grootste surplus eerste. Die briefies wat sodanige te verdeelde surplus bevat, word bepaal deur al die briefies van die gekose kandidaat weer te sorteer volgens die volgende voorkeur daarop aangedui. 'n Persentasie van briefies in verhouding tot die getal volgende voorkeurstemme daarop aangedui, word dan van elke stapel geneem om sy vereiste kwota vol te maak, en die res van die briefies aan die ander kandidate gekrediteer. As alle surplusse verdeel en die vereiste aantal kandidate nie verkies is nie, word die kandidaat met die kleinste aantal stemme uitgeskakel en sy briefies verdeel volgens die volgende voorkeurstemme daarop aangedui.

Soortgelyke poste

- (4) In enige verkiesing vir die Onder-hoofpresidente, sal die suksesvolle kandidate gelyke rang en status beklee. In enige verkiesing vir 'n B.R.-verteenwoordiger of 'n N.N.R.-afgevaardigde, is die kandidaat met die hoogste aantal stemme die verteenwoordiger of afgevaardigde, soos die geval mag wees, en die ander kandidate sal dien as plaasvervangers in die volgorde deur die stemming aangedui. Indien geen plaasvervangers beskikbaar is wanneer dit nodig mag wees nie, is die U.R. gemagtig om 'n ander lid in die betrokke streek aan te wys om tydelik as sodanige op te tree.
- (5) Enige stemming ingevolge hierdie artikel sal gehou word ingevolge die bepalings van klousule XXIII, artikel 10 van hierdie grondwet.
- (6) Alle voltydse poste, behalwe die van H.S. en A.H.S. sal in die JOERNAAL geadverteer word en, onderworpe aan subartikel (5) van artikel I van hierdie klousule, sal die aanstellings deur die U.R. gemaak word uit die applikante, tensy die U.R. geeneen van hulle as geskik beskou nie, in welke geval die U.R. na goedgekeurde enige ander geskikte lede met die nodige kwalifikasies mag nader om die poste te vul. Enige aanstellings gemaak ingevolge die bepalings van hierdie subartikel sal aan die B.R. voorgelê word vir bekragtiging.

Senioriteitsorde

Stemmings-prosedure

Voltydse poste behalwe die van H.S. en A.H.S. moet geadverteer word.

4. PLIGTE VAN AMPTENARE

- (1) Die funksie van die U.R. is om die sake van die Unie tussen vergaderings van die B.R. te bestuur. Die U.R. sal so dikwels as nodig mag wees vergader op datums deur die U.R. bepaal, met dien verstande dat dringende sake deur die H.S., A.H.S. en drie lede van die U.R. behandel mag word.
- (2) Alle eiendom van die Unie, roerend of onroerend aktes, sekuriteite, verbande en huurkontrakte wat daarop betrekking het is in berusting by die Uitvoerende Raad. Die U.R. is gemagtig om aan enige twee amptenare of ander persone soos van tyd tot tyd deur hulle goedgekeur en op sodanige voorwaardes of stipulasies as wat hulle mag voorskryf, op te dra om sulke aktes, sekuriteite, verbande en huurkontrakte namens en ten behoeve van die Unie aan te neem of vry te stel.
- (3) Die President sal die voorsitterstoel beklee op vergaderings van die U.R. en die B.R. en konferensies. Nadat die notule van die vorige vergadering of vergaderings goedgekeur is, moet hy die notuleboek teken in teenwoordigheid van die vergadering. Hy teken rekening deur die U.R. goedgekeur; en gee in dringende gevalle advies aan die H.S. tussen vergaderings, wanneer dit nie moontlik is om die U.R. byeen te roep nie. Die President ontvang 'n honorarium soos van tyd tot tyd deur die B.R. bepaal na sy

U.R. pligte

Unie-eiendom in berusting by U.R.

Pligte van Hoofpresident

goedduke getrek, en hierdie bedrag word beskou as dekking vir normale onkoste aan sy amp verbonde.

Pligte van Onder-
Hoofpresidente

- (4) Die Onderhoofpresidente moet alle vergaderings van die U.R., B.R. en konferensies bywoon. Ingeval van die tydelike afwesigheid van die Hoofpresident moet een van die Onder-hoofpresidente soos deur die B.R. aangestel sy pligte uitvoer, maar in die geval van sy oorlye, bedanking of afdanking om welke rede ook al, moet die Onder-hoofpresident soos deur die B.R. aangestel die vakature vul wat so ontstaan het totdat 'n ander Hoofpresident verkies is om die vakature vir die onverstreke termyn te vul. In geval die pos van 'n Onder-hoofpresident vakant raak, sal die vakature vir die onverstreke termyn gevul word uit die lys van onsuksesvolle kandidate in die laaste verkiesing in die betrokke geografiese gebied op grondslag van die getal stemme uitgebring, in gebreke waarvan 'n verdere stemming vir daardie doel gehou moet word. Die Onder-hoofpresidente sal elkeen 'n honorarium soos van tyd tot tyd deur die B.R. bepaal ontvang, maar indien enigeen van hulle die pligte van die Hoofpresident oorneem sal hy dieselfde toelaag as daardie amptenaar op 'n pro rata-basis ontvang.

Pligte van Hoof-
sekretaris-
organiseerder

- (5) (a) Die H.S. moet in die Hoofkantoor van die Unie (Hoofkantoor) aanwesig wees op die ure deur die B.R. vasgestel. Hy moet die takke periodiek besoek vir organisasiewerk, wanneer sy dienste dringend nodig is, of wanneer 'n geskil in enige sentrum mag dreig, onderworpe aan die goedkeuring van die B.R. wat ook die duurte van sy besoek moet bepaal. Hy moet in Hoofkantoor 'n register van lede van die Unie hou en, op las van die B.R. moet hy sodanige boeke en rekeninge hou as wat van tyd tot tyd nodig is, die nodige korrespondensie met takke voer, notule hou van verrigtinge op die U.R. en die B.R. en alle gelde deur en aan takamptenare of lede verskuldig, ontvang en uitbetaal. Hy moet 'n register laat hou van die ledes wat deur elke lid betaal word en van die tydperke waarop sulke betalings betrekking het. Alle uitbetalings moet per tjek geskied, geteken deur die Hoofpresident, Onder-hoofpresidente, H.S., A.H.S., Tegniese Organiseerder, Nywerheidsorganiseerder en Assistent van die H.S., enige drie van wie se handtekening vereis sal word. Ontvangsbewyse moet genommer wees met afskrifte. Hy moet jaarliks 'n staat van inkomste en uitgawes en 'n balansstaat opstel en vir ouditering aan 'n beroepsrekenmeester voorleë en juiste afskrifte daarvan en van die ouditeursverslag daarvoor moet aan die B.R. voorgelê en aan elke taksekretaris gestuur word ter insae by die takkantoor deur enige lid wat volwaardig is. Hy moet alle gelde namens die Unie ontvang binne drie dae na ontvangs inbetaal op rekening van die Unie. Hy moet aan elke tak 'n afskrif van die notule van elke U.R. en B.R. vergadering, behalwe notules van vertroulike aard, stuur na goedkeuring daarvan. Op die U.R. vergadering wat gehou word gedurende die eerste helfte van elke kalenderjaar moet hy 'n verslag voorleë oor die sake en bedrywighede van die Unie gedurende die voorafgaande kalenderjaar, en na goedkeuring daarvan deur die U.R. moet sodanige verslag gepubliseer word in die amptelike Joernaal, of op sodanige ander wyse soos deur die B.R. beslis, vir inligting van lede. Die H.S. (of die A.H.S. in sy afwesigheid) moet alle afvaardigings en deputasies namens die Unie lei. By afwesigheid van beide daardie amptenare moet die B.R., U.R. of N.N.R.-koukus, na gelang van die geval, 'n tydelike aanstelling maak.

- (b) Die H.S. moet die amptelike Joernaal redigeer en publiseer en is aan die B.R. verantwoordelik vir die inhoud daarvan.

- (c) Die H.S. sal deur 'n goedgekeurde getrouheidsversekeringsmaatskappy gewaarborg word vir 'n bedrag van minstens R5000.

- (d) Die H.S. ontvang 'n maandelikse salaris teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die B.R. bepaal en sodanige bykomende vergoeding as wat deur die B.R. bepaal mag word. Wanneer hy vir Uniesake van Hoofkantoor afwesig is, sal sy reiskoste en sodanige redelike lewens- en ander onvoorsienbare uitgawes as wat die B.R. goedkeur, vergoed word. 'n Lid wat verkies is tot H.S. sal vooruit vergoed word vir enige onkoste in verband met nodige verhuising van hom en sy gesin na sy

Redakteur van
Joernaal

Getrouheids-
waarborg



nuwe tuiste; hierdie bepaling geld ook indien Hooftkantoor van een sentrum na *n ander verskuif.

- | | |
|---|---|
| <p>(e) Die vergoeding (indien enige) aan die H.S. gedurende tydperke van siekte betaalbaar, word deur die B.R. bepaal wanneer die geleentheid hom voordoën. Die H.S. is geregtig op een maand betaalde vakansie per jaar.</p> <p>(f) Die H.S. mag geen ander pos beklee, ere- of andersins, tensy die B.R. dit goedkeur nie. In enige geval waar dit onmoontlik is om vooraf toestemming te verkry, moet bekragtiging op die volgende vergadering van die B.R. aangevra word en waar dit nie toegestaan word nie, moet die H.S. sodanige pos onmiddellik laat vaar. Versuim om dit na te kom, beteken wangedrag ingevolge klousule VII, artikel 1, subartikel (2)(b)(i).</p> | <p>Siekteverlof</p> <p>Vakansieverlof</p> <p>Beklee van ander poste</p> |
| <p>(6) Die A.H.S. staan die H.S. by in die uitvoering van sy pligte onder voorskrif van die H.S. Hy word op dieselfde manier as die H.S. onder *n getrouheidswaarborg geplaas. Hy ontvang *n maandelikse salaris soos van tyd tot tyd aan hom toegestaan word. Hy is onderworpe aan dieselfde voorwaardes met betrekking tot reis- en ander uitgawes, siekte- en vakansieverlof en die beklee van enige ander pos as die wat op die H.S. van toepassing is. Die bepalings van artikels 2 en 3 van hierdie klousule is <i>mutatis mutandis</i> op hom van toepassing.</p> | <p>Pligte en aanstellings-voorwaardes van Assistent-hoof-sekretaris</p> |
| <p>(7) (a) *n S.S.O. voer die pligte en funksies uit van *n taksekretaris, soos voorgeskryf in hierdie grondwet, met betrekking tot al die takke binne sy jurisdiksie en sodanige ander pligte as wat van tyd tot tyd deur die B.R. aan hom opgedra mag word. Hy moet, met die hulp van die betrokke takpresidente (of hul plaasvervangers aangevys deur die betrokke takkomitee) in hul hoedanigheid as stemopnemers as kiesbeampte optree in verband met alle streekverkiezings binne sy jurisdiksie. In gevalle waar hy *n kandidaat is, sal die U.R. *n ander amptenaar aanstel om sy pligte uit te voer. *n S.S.O. of waarnemende S.S.O. is nie verkiesbaar vir die B.R. nie.</p> | <p>Streeksekretaris-Organiseerder-Pligte</p> <p>S.S.O. of uitgesluit van B.R.</p> |
| <p>(b) *n S.S.O. word onder *n getrouheidswaarborg geplaas op dieselfde wyse as die H.S. Hy is onderworpe aan dieselfde voorwaardes betreffende reis- en ander ontkoste en siekteverlof as wat van toepassing is op die H.S. *n Volydse S.S.O. is ook geregtig op dieselfde voorwaardes van vakansieverlof as die H.S. en ontvang *n maandelikse salaris soos van tyd tot tyd deur die B.R. bepaal en sodanige bykomende vergoeding soos van tyd tot tyd deur die B.R. aan hom toegestaan mag word. *n Deelydse S.S.O. sal vergoed word teen *n koers deur die B.R. bepaal. Die bepalings van paragraaf (f) van subartikel (5) van hierdie klousule is <i>mutatis mutandis</i> van toepassing op *n voltydse S.S.O.</p> | <p>Diensvoorwaardes</p> |

5. SKADELOOSSTELING VAN AMPTENARE

- | | |
|--|--|
| <p>(1) Die amptenare van die Unie word skadeloos gestel teen enige finansiële verlies wat deur hulle veroorsaak mag word in die uitvoering van hul pligte as sodanig en die B.R. is gemagtig om enige amptenaar te verdedig in enige regsgeding wat teen hom ingestel mag word ten opsigte van enige saak wat voortspruit uit die uitvoering van sy pligte as sodanig. Hierdie vrywaring geld ook in die geval van amptenare van *n tak of kapel en ten opsigte van enige lid wat deur die Unie, die B.R. of *n tak of *n kapel aangestel of gekies word om in enige amptelike of verteenwoordigende hoedanigheid ten behoeve daarvan op te tree in enige saak wat voortspruit uit die uitvoering van hul pligte as sodanig.</p> | <p>Skadeloosstelling in geval van finansiële verlies</p> |
| <p>(2) Enige eis wat ingevolge hierdie artikel ontstaan, moet deur die B.R. behandel word, deur die betrokke kapel of tak, soos die geval mag wees, en die beslissing van die B.R. daaromtrent is finaal.</p> | <p>Eiseprosedure</p> |
| <p>(3) Die B.R. is gemagtig om enige of alle amptenare, beamptes of lede van die Unie skadeloos te stel teen besering of dood wat voortspruit uit of ontstaan gedurende die uitvoering van enige pligte wat namens die Unie of enigeen van sy takke of kapelle uitgevoer is.</p> | <p>Skadeloosstelling in geval van besering of dood</p> |

Klousule VIII — Vergaderings van die Beheerraad

- | | |
|-------------------|---|
| Prosedure | 1. Vergaderings van die B.R. word gehou volgens die prosedure voorgeskryf in klousule XVI van hierdie Grondwet. |
| Gewone stemming | 2. Stemming op 'n B.R.-vergadering geskied deur die opsteek van hande, en elke lid van die B.R. (die H.S. uitgeslote) mag een stem uitbring, onderworpe aan artikel 3 hiervan. |
| Blokstemming | 3. Indien enige lid van die B.R. ontevrede is met die uitslag van enige stemming wat deur die opsteek van hande plaasgevind het, mag hy 'n blokstemming versoek en sodanige blokstemming moet sonder meer gehou word. |
| Stemkrag | 4. In enige blokstemming word die stemkrag van elke tak bereken ooreenkomstig artikel 6 van klousule XXIII, en 'n tak verteenwoordiger moet die stemming van die tak wat hy verteenwoordig, aanteken. |
| Blokstemming U.R. | 5. Met die toestemming van die meerderheid van die lede van die U.R. sal 'n lid van daardie liggaam deelneem aan enige blokstemming met betrekking tot die lede van Hoofkantoor. |

Klousule IX — Konferensies

- | | |
|------------------------|---|
| Funksies | 1. 'n Jaarlikse konferensie van afgevaardigdes sal elke jaar gedurende die laaste kwartaal van elke jaar of op sodanige ander tyd en plek as wat die B.R. of U.R. mag bepaal, gehou word om oorweging te skenk aan en te besluit oor:
(1) Voorgestelde wysigings van hierdie grondwet.
(2) Die voorstelle wat ingesluit moet word in die agenda van 'n N.N.R.-vergadering wat vir die uitdruklike doel belê is om 'n nuwe ooreenkoms te beding. Voorstelle vir oorweging deur 'n konferensie ingedien, moet die H.S. skriftelik minstens ses weke voor 'n konferensie bereik en die H.S. moet 'n agenda wat al sodanige voorstelle insluit ten minste drie weke voor die konferensie aan alle takke en afgevaardigdes stuur.
(3) Enige ander aangeleentheid rakende beleid waarvan minstens ses weke kennis aan die H.S. gegee is deur die B.R. of U.R. of enige tak van die Unie. Sodanige kennisgewing deur takke moet skriftelik geskied. |
| Afvaardiging | 2. Die afvaardiging na 'n konferensie sal bestaan uit lede van die B.R. en die S.S.O. van elke streek. Die U.R. sal gemagtig wees om, na raadpleging met die betrokke Takkomitees, 'n plaasvervanger aan te stel ingeval van die onvermydelike afwesigheid van 'n afgevaardigde wat 'n streek verteenwoordig. |
| Stemmingsprosedure | 3. Stemming op 'n konferensie sal op takgrondslag wees, met een stem vir elke tak wat deur die afvaardiging wat daardie tak verteenwoordig uitgebring sal word. In geval 'n afgevaardigde nie tevrede is met die uitslag van so 'n stemming nie, mag hy 'n blokstemming aanvra, in welke geval die stemkrag van takke ten gunste van of teen 'n voorstel die saak sal beslis. Vir die doel van hierdie bepaling sal 'n lid van die U.R. deur die U.R. benoem word om namens die voordelede buite die Republiek te stem in gevalle waar voordelefondse onder bespreking is. |
| Kworum | 4. Ten minste die helfte van die stemkrag van die gewone ledetal van die Unie moet op 'n konferensie teenwoordig wees voor 'n kworum gevorm kan word. |
| Kennisgewing en agenda | 5. Kennisgewing van 'n gewone konferensie, met die agenda daarvan, moet minstens drie weke voor die konferensie aan afgevaardigdes gepos word. Kennisgewing van 'n spesiale konferensie wat deur die U.R. of op versoek van twee of meer takke belê mag word, sal so spoedig moontlik geskied na die besigheid en datum van die konferensie bepaal is. |

Klousule X — Nasionale Nywerheidsraad

- | | |
|----------------------|---|
| N.N.R. afvaardigings | 1. (1) Afvaardigings van die Unie op die N.N.R. bestaan uit:
(a) Die Hoofsekretaris (met die Assistent-Hoofsekretaris as sy plaasvervanger) en die Hoofpresident met 'n Onderpresident as sy plaasvervanger. |
|----------------------|---|

- (b) Die Streeksekretaris-organiseerder van elk van die agt streke in die Republiek. Indien 'n Streeksekretaris-organiseerder nie beskikbaar is wanneer benodig nie, moet die Takkomitees in die betrokke Streek vergader om 'n Graad I-lid in daardie streek te benoem om tydelik waar te neem.
 - (c) Ses Takverteenwoordigers (een elk benoem te word deur al die lede van die A-, B- en C-Takke, onderskeidelik, in die Kusgebied en een elk benoem te word deur al die lede van die A-, B- en C-Takke, onderskeidelik, in die Binnelandse gebied).
 - (d) Vyf afgevaardigdes deur die Uitvoerende Raad gekies om te verseker dat die spesiale belange soos byvoorbeeld tipografie, boekbindwerk, riffelbordmaak, litografie, fotogravure en enige ander spesiale belange soos deur die Uitvoerende Raad raadsaam geag ten opsigte van enige besondere vergadering van die N.N.R. te verteenwoordig.
- (2) N.N.R.-afgevaardigdes, uitgesonderd die in artikel 1(1)(a) en (b) gemeld word verkies ingevolge die bepalings van artikel 3 van klousule VII van hierdie Grondwet, met dien verstande dat geen lid verkiesbaar is as 'n afgevaardigde tensy hy 'n gewone lid is en reeds vyf agtereenvolgende jaar gewone lidmaatskap voltooi het in die onmiddellik voorafgaande tydperk voor die datum van benoeming nie met dien verstande dat die B.R. gemagtig sal wees om hierdie bepaling in buitengewone gevalle op te kort.
- 2. Ingeval die Nasionale Nywerheidsraad ontbind word en 'n versoeningsraad aangestel moet word ingevolge die bepalings van die Arbeidsverhoudingswet 1956 sal die Unie se verteenwoordiger op sodanige raad deur die B.R. aangestel word. Versoeningsraad —
prosedure
 - 3. Die Unie se verteenwoordigers in enige ander nywerheidsraad wat gestig mag word en lede van hierdie bedryf dek, sal die H.S. wees, en een of meer lede deur die B.R. aangestel uit benoemings ingedien deur die lede wat in sodanige bedryf in diens is. Ander nywer-
heidsrade
 - 4. Vir die doeleindes van beraadslagging mag die U.R., wanneer dit nodig blyk, vergaderings belê van verteenwoordigers van lede. Beraadslaging
 - 5. Verteenwoordigers van die Unie op plaaslike gesamentlike rade bestaan uit die S.S.O. en verteenwoordigers (wat lede van die betrokke takkomitees moet wees) van elk van die takke wat in die jurisdiksie van 'n gesamentlike raad funksioneer. Die aantal verteenwoordigers wat elke tak mag aanstel, word deur die B.R. bepaal in verhouding tot die stemkrag van sulke takke. Gesamentlike Raad-
verteenwoordigers

Klousule XI — Voorwaardes van toelating, ledegelde, onaktiewe lidmaatskap en bedanking

1. VOORWAARDES VAN TOELATING

- (a) Aansoeke om lidmaatskap word gedoen op die vorms wat vir daardie doel deur die B.R. aan die komitee of tak waarin die applikant werksaam is of wil wees voorsien word, en moet met 'n aanbeveling van die takkomitee daarop aan die B.R. gestuur word vir goedkeuring. Alle aansoeke moet vergesel wees van 'n mediese sertifikaat waarin gesertifiseer word dat die applikant vry is van aansteeklike of besmetlike siekte. Met dien verstande dat lede wat hertoegelaat word na 'n afwesigheid van twaalf maande of minder nie so 'n sertifikaat hoef in te dien nie. Die B.R. moet so spoedig moontlik daarna sy goedkeuring of afwysing van enige aansoek bekend maak, en moet ingeval van goedkeuring die datum aangee waarop lidmaatskap begin, die proeftydperk en die bedrag van intreegeld, ingevolge paragraaf (3) hieronder. Aansoeke om
lidmaatskap
- (b) Die B.R. kan voorlopige lidmaatskap toestaan vir enige tydperk en op enige voorwaardes wat dit geskik ag in enige geval van twyfel, of waar verdere inligting nodig is in verband met enige aansoek. Sodanige voorlopige lidmaatskap gee die betrokke persoon die reg om diens in die nywerheid te aanvar of voort te sit, maar verbind nie die Unie teenoor so 'n persoon ten opsigte van die voordele soos in Voorlopige
lidmaatskap

hierdie grondwet neergelê nie, en verleen nie die reg tot volle lidmaatskap van die Unie nie.

Alle aansoeke na Hoofkantoor

- (c) In enige geval waar 'n tak die afkeuring van 'n aansoek aanbeveel, moet volle besonderhede daaromtrent onmiddellik aan Hoofkantoor gestuur word.

Getuigskrifte

- (d) Enige kaart getuigskrif of soortgelyke dokument deur 'n applikant ingelewer, moet met die aansoekvorm aan Hoofkantoor gestuur word.
- (2) Elke persoon wat as lid toegelaat word, moet die verbintenis, in hierdie Grondwet neergelê soos deur die B.R. voorgeskryf aanvaar.

Intreefooie

- (3) Elke persoon wat as lid toegelaat is, moet binne 14 dae na kennisgewing daarvan, intreegeld betaal van minstens die volgende bedrae:
- Graad I — Vyf rand; Graad II — Een rand; Graad III — Vyftig sent; Graad IV — Vyf-en-twintig sent.

Proef tydperk

- (4) Elke persoon wat toegelaat word, moet 'n proef tydperk deurmaak van minstens agtien maande vanaf die datum van betaling van intreegeld met dien verstande dat die B.R. die proef tydperk kan verleng in die geval van persone wat hulle afsydig gehou het van of vyandig opgetree het teenoor die Unie of die vakbondbeweging, en in die geval van persone wat aansoek doen om hertoelating nadat hy 'n aftredingstoelaag ontvang het, en in die geval van applikante wat volgens die B.R. 'n onredelike las vir die Unie kan word wat voordele betref, en om enige ander goeie en voldoende rede.

Oorplasing van een graad na 'n ander

- (5) Elke lid wat verkiesbaar word vir oorplasing van Graad III na Graad II, of van Graad II na Graad I, soos die geval mag wees, ingevolge hierdie Grondwet, word deur Hoofkantoor na die betrokke graad oorgeplaas en die tak word in kennis gestel sodra sodanige oorplasing plaasgevind het. Wanneer lede van Graad IV oorgeplaas word sowel as enige ander oorplasings waarvoor nie voorsiening gemaak is nie, moet die betrokke Tak Hoofkantoor verwittig van die datum waarop sodanige oorplasing moet geskied.

Oorplasing van Graad I na Graad II

- (6) Die B.R. kan na goeie dinge 'n lid van Graad I na Graad II oorplaas mits dit deur sy takkomitee goedgekeur is. Enige lid aldus oorgeplaas, mag nie weer na Graad I terugkeer voordat twee jaar verloop het vanaf die datum van sy oorplasing na Graad II nie, behalwe in gevalle aanbeveel deur 'n takkomitee waar die B.R. na goeie dinge sy goedkeuring tot sodanige oorplasing mag gee.

Vakleerlinge

- (7) Enige vakleerling in die nywerheid is toelaatbaar tot Graad II-lidmaatskap onmiddellik na aanvang van die tydperk van sy kontrak.

2. LEDEGELDE

Bedrag van ledegelde

- (1) Weeklikse ledegeld is aan Hoofkantoor betaalbaar deur die tak waar 'n lid ingeskryf is, deur elke lid in diens wat halfloon of meer verdien, soos volg:

Graad I -

Drie-kwart van een persent van Skaal I van Tabel I van die N.N.R. ooreenkoms.

Graad II -

Halfte van die bedrag deur Graad I betaalbaar

Graad III en IV -

Een-kwart van die bedrag deur Graad I betaalbaar.

Onverbonde lede

2. Lede wat in dorpe buite die jurisdiksie van enige tak in diens is, betaal hul ledegeld aan die sekretaris van die naaste tak of regstreeks aan Hoofkantoor, soos die B.R. besluit. Betalings in sulke gevalle word met tussenposes van hoogstens een maand gemaak.

Siek lede

- (3) Enige lid wat weens siekte of ongeval onbekwaam is om sy beroep te beoefen, of hy vergoeding ontvang of nie, betaal weeklikse ledegeld as volg: Graad I, 5c; Graad II, 3c; Graad III en IV, 2c; met dien verstande dat in alle gevalle 'n doktersertifikaat of ander bevredigende bewys ingelewer word.

- | | |
|--|---------------------------|
| <p>(4) Enige lid wat werkloos en bereid en in staat is om werk in sy beroep of werksaamheid in die bedryf te aanvaar wanneer dit hom aangebied word, en enige lid wat deelyds werk en minder as halfloon verdien en bereid en in staat is om voltydse werk in die bedryf te doen wanneer dit hom aangebied word, betaal die volgende weeklikse ledegeld: Graad I, 5c; Graad II, 3c; Graad III en IV, 2c. Die B.R. mag op aanbeveling van die betrokke Takkomitee, enige tydperk van werkloosheid (nie aan werklike siekte te wyte nie) wat in totaal langer is as 17 weke in enige kalenderjaar en gedurende welke tydperk 'n lid nie geregtig is op voordele van die G.W.F. of die Unie nie, as onaktiewe lidmaatskap beskou.</p> | <p>Werklose lede</p> |
| <p>(5) Enige lid wat ingevolge artikel 3 hiervan tot onaktiewe lidmaatskap oorgeplaas is, betaal die volgende weeklikse ledegeld: Graad I, 5c; Graad II, 3c; Graad III en IV, 2c; en mag binne die jurisdiksie van die tak bly waarheen hy oorgeplaas is of die waarin hy woonagtig is.</p> | <p>Onaktiewe lede</p> |
| <p>(6) Enige gewone lid wat 'n voltydse amptenaar in die Unie of enige tak is of word, bly 'n gewone lid.</p> | <p>Voltydse amptenare</p> |
| <p>(7) Enige gewone lid wat aktiewe militêre diens of verpligte militêre opleiding moet ondergaan, word vrygestel van betaling van ledegeld en heffings. Sodanige dienstyl of opleidingstydperk word gereken as gewone lidmaatskap by berekening van die voordele waarop hy ingevolge hierdie grondwet geregtig mag word.</p> | <p>Militêre diens</p> |

3. ONAKTIEWE EN VOORDELE-LIDMAATSAP

- | | |
|--|--|
| <p>(1) Enige gewone lid wat volwaardig is:</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) wat nie meer in 'n tegniese hoedanigheid in die nywerheid in diens is nie; of (b) wat 'n bestuurder, 'n werkgewer, vennoot word; of (c) wat besigheid vir eie rekening open in die bedryf; of (d) wat die bedryf verlaat; <p>mag, na goeddunke van die B.R., toegelaat word om na onaktiewe lidmaatskap oorgeplaas te word, mits hy skriftelik daarom aansoek doen onmiddellik wanneer hy nie meer toelaatbaar is vir gewone lidmaatskap nie. Waar oorplasing tot onaktiewe lidmaatskap nie aangevra word of deur die B.R. toegestaan word nie, verval die applikant se lidmaatskap van die Unie.</p> | <p>Kwalifikasies vir onaktiewe lidmaatskap</p> |
| <p>(2) Gedurende enige tydperk van onaktiewe lidmaatskap betaal 'n lid ledegeld teen die koers wat van toepassing is op werklose lede (sien artikel (5) van artikel 2 van hierdie klousule) tesame met sodanige ander heffings as wat die tak waarvan hy lid is, mag vereis. Sodanige tydperk word nie gereken as kwalifiserende lidmaatskap vir voordeledeleindes nie. As 'n onaktiewe lid vir 'n tydperk van 26 weke agterstallig is, is hy blootgestel aan uitsetting sonder kennisgewing.</p> | <p>Onaktiewe ledegeld</p> |
| <p>(3) Enige lid wat die bedryf verlaat om onbetaalde verlof te neem, betaal volle heffings aan die Unie vir enige tydperk tot ses weke per jaar van onbetaalde verlof. As die tydperk van onbetaalde verlof meer is as ses weke maar minder as 26 weke per jaar is, het die lid die keuse om gewone lidmaatskap te behou vir sodanige tydperk, met dien verstande dat indien hy dit so verkies, hy die bydraes betaal wat andersins deur sy werkgewer betaalbaar is, tesame met sy heffings aan die Unie en sy eie bydraes aan die N.N.R.-fondse.</p> | <p>Onbetaalde verlofvoorwaardes</p> |
| <p>(4) Enige lid wat die bedryf verlaat en toegelaat is om tot onaktiewe lidmaatskap oor te gaan en wat daarna terugkeer tot gewone lidmaatskap by sy terugkeer in die bedryf mag kontinuïteit van gewone lidmaatskap van die B.R. ontvang ten opsigte van sy tydperk van onaktiewe lidmaatskap mits hy die volle gewone ledegeld en heffings aan die Unie en die volle bydraes tot die voordelefondse betaal waarin die Unie deel het. Hierdie voorreg is nie van toepassing op enige lid wat die keuse gehad het om gewone lidmaatskap te behou vir sodanige tydperk en dit nie gedoen het nie, behalwe waar tot bevrediging van die B.R. bewys is dat 'n lid wat die bedryf verlaat het, opreg was in sy voorneme om nie daarheen terug te keer binne 'n tydperk van 26 weke nie.</p> | <p>Kondonasie van onaktiewe lidmaatskap</p> |

Verbeuring van voordele	(5) Behoudens die bepalings van subartikels (4) en (7) van hierdie klousule en die reëls van enige voordelefonds, verbeur 'n lid wat oorgaan tot onaktiewe lidmaatskap alle belang in die voordelefonds van die Unie (uitgeslote die Sterfte voordele en by sy terugkeer tot gewone lidmaatskap sal van hom vereis word om te herkwalifiseer vir voordele asof hy weer by die Unie aangesluit het. Hierdie bepaling dien nie om enige lid wat oorgeplaas is tot onaktiewe lidmaatskap voor 1 Julie 1959 die reg te ontnem om die keuse te doen wat voorgeskryf is in subartikel (6) van hierdie klousule nie, nie later as op 'n datum deur die B.R. vasgestel nie.
Voorbehoudsbepaling	
Voordelelede	(6) 'n Lid wat werksaam is in die bedryf in enige hoedanigheid of gebied wat hom van gewone lidmaatskap uitsluit, sal die keuse hê, onderworpe aan die goedkeuring van die Beheerraad en na betaling van verskuldigde bydraes van gewone lidmaatskap, om sy gewone lidmaatskap van die Unie alleenlik vir voordele-doeleindes te behou. Die Beheerraad sal by magte wees om hierdie ooreenkoms te eniger tyd, en ten opsigte van enige lid te beëindig deur kennisgewing van vier kalenderweke van sodanige voorneme aan die lid in welke geval die lid geregtig sal wees op al die voordele wat normaalweg aan 'n lid wat in goeie stand bedank mag toeval. Enige sodanige lid, wat van sy lidmaatskap onthef word, vir watter rede ook al, sal nie geregtig wees om op hierdie voorreg aanspraak te maak nie.
Pensionarisse	(7) Lede wat die aftredingstoelaag ontvang van die Uniepensionerfonds en of Nasionale Nywerheidsraadpensionerfonds of die N.N.R.-Bystandsfonds, word oorgeplaas tot onaktiewe lidmaatskap vanaf die datum waarop hy sodanige toelaag of voordele ontvang, maar dit word nie van hom vereis om ledegeld te betaal ingevolge subartikel (5) van artikel 2 van hierdie klousule nie.
Onaktiewe status	(8) Voordelelede en lede wat oorgeplaas is tot onaktiewe lidmaatskap, is nie geregtig om te stem oor enige Uniesak of toegelaat om aan enige vergadering van lede deel te neem of dit by te woon nie, of die Unie of enigiemand van sy takke te dien in enige amptelike of verteenwoordigende hoedanigheid hoegenaamd nie, met die verstande, egter, dat lede wat die aftredingstoelaag van die Unie-pensionerfonds en of die Nasionale Nywerheidsraad-pensionerfonds ontvang, algemene takvergaderings mag bywoon. Hierdie bepaling sal nie dien om 'n voordelelid sy reg te ontnem om te stem in 'n stemming deur die lede onderneem met die uitdruklike voorneme om die reëls van 'n voordelefonds waarvan hy 'n lid is, te wysig nie.
Voordelelede Stemgeregtig	
Oorplasing na gewone lidmaatskap	(9) Ingeval 'n onaktiewe lid werk in die bedryf aangebied word, moet hy aansoek doen om oorplasing na gewone lidmaatskap en nie sodanige werk aanvaar voordat sodanige oorplasing deur die B.R. goedgekeur is nie, met dien verstande dat in 'n noodgeval, die betrokke S.S.O. tydelike toestemming tot die aanvang van sodanige werk mag gee, hangende die beslissing van die B.R.

4. BEDANKING

Prosedure	Enige lid wat sy diens beëindig of nie meer vir diens beskikbaar is in die bedryf nie, of wat 'n werksbestuurder of opsigter in die bedryf word in 'n suiwer toesighoudende hoedanigheid, of wat werkgewer in die bedryf word, mag as lid van die Unie bedank by betaling van alle bedrae wat hy op die dag van bedanking aan die Unie en sy takke verskuldig is.
-----------	---

5. ALGEMENE FONDS

Toewysing van inkomste	(1) Die ledegeld betaalbaar deur lede ingevolge hierdie klousule sowel as alle ander inkomste van die Unie, uitgeslote die bydraes tot die Unie-pensionerfonds en die Sterfetrustfonds of 'n heffing vir 'n spesiale doel opgelê, word inbetaal in die Algemene Fondsrekening, aangewend sal word vir die algemene doeleindes van die Unie.
	(2) Betaling deur 'n lid word in dié volgorde toegewys: intreegeld, boetes, heffings, ledegeld.

Klousule XII — Heffings

- | | |
|---|--------------------------|
| 1. Indien 'n gesertifiseerde waardasie van die fondse van die Unie te eniger tyd 'n batige saldo toon wat onvoldoende is vir die normale administratiewe behoeftes, mag die B.R. in raadpleging met die Ouditeur 'n heffing op lede in volle diens lê en so 'n heffing sal van krag bly totdat die toestand tot die normale herstel is. | Hoe heffings opgelê word |
| 2. Wanneer die B.R. dit mag nodig ag, mag dit 'n spesiale heffing op lê ten einde fondse in te samel vir 'n spesifieke doel. | Spesiale heffing |

Klousule XIII — Kaarte en Regulasies

- | | |
|---|-----------------------------------|
| 1. Die H.S. moet 'n lidmaatskapkaart aan elke lid uitreik. | Lidmaatskapkaart |
| 2. Die H.S. moet vir elke lid 'n klaringskaart uitreik wat die datum en voorwaardes van toelating tot lidmaatskap aandui en wat gehou word deur die taksekretaris van die tak waarin die lid behoort of waarin hy werk. | Klaringskaart |
| 3. Alle bedrae gedurende die lopende ses maande deur die lid in voordele ontvang ingevolge klousule XIV hiervan en alle bedrae dan deur die lid aan die Unie of tak verskuldig, moet deur die taksekretaris ingevul word op sy klaringskaart op die dag waarop sodanige lid die tak verlaat, en sodanige lid moet sy klaringskaart by die betrokke taksekretaris inlewer binne 48 uur na sy aankoms in 'n ander tak. Ingeval 'n lid versuim om sy klaringskaart in te lewer soos in hierdie artikel vereis, of sonder klaringskaart in 'n tak kom, mag 'n boete (Graad I, R2; Graad II, R1; Graad III, 50c; Graad IV, 25c) opgelê word, en die lid sal geen voordele ontvang totdat hy die kaart, behoorlik ingevul toon of 'n nuwe gekry het nie. Taksekretarisse moet op klaringskaarte besonderhede invul van enige boete deur die B.R. aan die lede opgelê. | Klaring tussen takke |
